Ps 46: 1,6
Jes 75: 1.
" 156: 5,6

## Voorwaarts Xtenstryders!

Efese 6: 10–20.

BG-HGI

Skietingparade, Gimnasiums. Pta 22 Nov. '59
Linden 22 Nov. '59

Efese 6: 13 – Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly!

Watter gesig bied hierdie skare van jongmanne vanmiddag hier in die Stadsaal! Jongmanne uit die 3 Gimnasiums, jongmanne die keur van ons volk, uitgesoek, opgelei, toegerus en afgerig om te eniger tyd toe te tree tot die stryd in geval van oorlog of gemeld. Die afgelope maande was alles toegespits op die deeglike vorming van elke lid van elke gimnasium tot sy bepaalde taak ingeval 'n stryd sou ontbrand wat ons vaderland in gevaar stel.

U, jongmanne, sal dus verstaan – ja, ek meet julle sal baie goed verstaan – as ek vanmiddag gaan praat oor 'n ander leërmag wat van alle eeue daar was, en is, en sal wees, 'n leërmag wat gewikkel is in 'n stryd om lewe en dood – ek bedoel die Kerk van X. J. op aarde. (Taal wat julle verstaan: Efese 6: 10–20).

I Wat Xtus se kerk moet wees: Die Bybel laat ons nie ifd minste onsekerheid oor wat Xtus se Kerk op aarde is en watter plek elke lid van dd. Kerk moet inneem nie. Reeds van die sondeval in die paradys word daar 'n stryd – nie uitsluitend dié van mens teen mens of volk teen volk nie, maar 'n baie meer verwarde en verbete stryd: dié tussen God en Satan, dié tussen Xtus en die Bose, dié tussen lig en duister, Kerk & gaos! En in dd. stryd staan die Bose a.d. ek. : die mag v. d. lis v. d. verwuf v. d. sluheid van Satan wat alle geoorloofde v ongeoorloofde middele aangryp (afwissel van openlike geweld tot slue bedrog, bedekte verraad) om Xtus,

d. Seun van God, van sy troon te stoot. Met alle moontlike denkbare middels & metodes soek Satan om Xtus te oorwin (O.T. = profete + kinders v God: N.T. Xtus in eie persoon en daarna sy kerk).

Wat is nou die taak v.d. Kerk? Duidelik laat Xtus ons verstaan dat die Kerk v Xtus op aarde moet wees 'n goed-afgerigte, ~~uitstekende~~ welgedrilde teëgemote, altyd-strydvaardige taakmag om klaar te staan om te enige tyd op te trek na enige plek waar d. magte van Satan 'n aanval waag! Daartoe moet die verskillende magte v.d. Kerk v. Xtus so goed voorberei en op hulle hoede wees dat hulle elke oomblik soos skoktroepe kan teëstaan waar gevaar dreig!

Die gesk. v.d. Xdom getuig van hd. sterk roepingsbewussyn by d. Kerk in seker tye; die liedere wat deur d. eeue bewaar en oorgelewer is, getuig van hd. strydvaardige gees in d. geledere v.d Xdom! Hoe duidelik bring die liedere dd. boodskap van 'n militante Kerk van 'n skare van gelowiges wat kan sing:

① Waak Christen, staan i/d geloof
Laat niemand u u kroon ontroof. – (Ges 75:1)

② Geloofd sy God wat my in wank'l tyd
'n Rotssteen is, my aangord tot d. stryd (Ps 144:1)

③ Al storm hul ook van kant tot kant
die helse leërmagte,
die Heer op wie ons bou, hou stand
Hy sterk ons swakke kragte. (Ges. 152:3)

– Om nie te praat van: Voorwaarts Xtenstryders en Staan op, staan op vir Jesus!

Elkeen van hd strydliedere vertel van groot geloofsdurf, ontembare ontberings-vuur, ongekende offervaardigheid & onverskrokke durf terwille van Xtus, die Aanvoerder in die stryd!

I

Ten spyte van vyandskap, vervolging, minagting + martelinge die Kerk gegroei en sterk geword: gespierd & versterk deur d. stryd!

II Wat Xtus se Kerk Vdag Baie Keer Is:

– met innige dank & blydskap d. getuienis bring van duisende en duisende Xtene wat dieselfde heldemoed v.d. geloof a.d. dag lê, moedig & sterk i/d stryd, vreesloos in hulle verdediging & aggressief op d. aanval! Die geest. adel v.d. Xdom! Dra d. Kerk!

Mr. ons sou blind & dwaas wees as ons nie ook erken dat duisende & duisende sgn. Xtene of nog nooit hulle roeping as soldate v Xtus gesien het nie, of dit nie wil aanvaar nie! In hoeveel dinge het d. wêreld nie sy heilige vrees vir d. Kerk verloor, sy eerbied vervang met spot. – sy spot oorgegaan in totale onverskilligheid – Beveg nie meer d. Kerk v sy boodskap nie: Ignoreer dit net, gaan dit net verby, leef asof dit nie daar is nie! Die wêreld hoor ons nog sing: Voorwaarts Xtenstryders! – Mr. wat sien hulle van Here aange-strydvelde wat betree en i/d naam v.d. Here ... Is dit nie waar dat talle Xtene dof word? Is dit nie waar dat talle Xtene hulle daadkrag verloor, hulle slaankrag ingeboet het nie? Is dit nie waar dat duisende sgn. Xtene se houding 'n gedurige verskoning-vra is vir d. feit dat hulle anders is as d. wêreld, terwyl soveel ander twyfel a.d. verlossende, vernuwende, oorwinnende krag v.d. Evangelie v. Xtus?

Waarom sou hd. dinge so wees? Waarom is talle Xtene se wapenrusting of uitgetrek of net deels aangetrek? Swak teëgens? Houding so lamlendig of onseker?

① Omdat sowel hulle Aanvoerder nie persoonlik ken nie:

(2) <u>Omdat die Hoofkwartiere se bevele nie eerbiedig en gehoorsaam word nie:</u>

– Gebod v.d. <u>liefde</u>, die eis om <u>vergifnis</u> van jou vyande, <u>heiliging</u> v.d. <u>Sabbat</u>, diens van <u>barmhartigheid</u>, <u>heiligheid</u> v.d. <u>huwelik</u>!

(3) <u>Omdat te veel manskappe reken dat d. stryd deur d. offisiere alleen gevoer moet word:</u>

a) Baie wat reken: daar is geen stryd maar v. SA: so maklik om Xten te wees – <u>te maklik</u>!

b) Houding van: dis n <u>Ds. Kerk</u>!

(4) <u>Omdat die aanvalsmagte nie genoeg geloof het in hulle wapens nie</u>: – Swaard v.d. Gees (Wd v God)

~~(5) Omdat te veel~~ :

III <u>Wat Xtus se Kerk deur Gods Genade Kan Word & Wees</u>: Hoe moet ons meer word wat ons voor God moet wees?

(1) <u>Nuwe besef nodig v Kerk as Strydende Kerk</u>:

(2) <u>Nuwe besef v. groot waarheid v. elke manskap</u>:

(3) <u>Nuwe besef nodig v.d. erns v.d. stryd</u>:

– <u>Buite</u>:

– <u>Binne</u>:

(4) <u>Nuwe geloofstake aandurf</u>:

– Bv. evangelisering van Afrika (Ingl. Russiese strategie met Afrika)

– Beter verdeling van land se rykdomme

→ Veral jongmanne!